

Gereformeerde Kerk Bellville – 17 Julie 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 16:1, 5 (p. 61)

- 1 Bewaar my tog, o God, op wie 'k vertrou! / Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.
Daar is vir my, in wat die oog aanskou, / geen goed bo U, so eind'loos hoog verhewe.
En wie op aarde^{en} ken en vrees, o HERE, / húl noem ek groot, hul is my roem en ere.

- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde^{en} volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 135:1, 3 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.

- 3 In die hoogte sit die HEER; / daar doen Hy wat Hom behaag;
Hy stuur sy bevele neer, / en sy wil geskied omlaag.
See en aarde luister stil, / met die dieptes, na sy wil.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 6:1, 5 (p. 21)

- 1 Wil my, o HEER, nie straf nie, / wys my in toorn nie af nie, / sien my genadig aan;
laat in my teespoede / 'n alte strenge roede / my nie met gramskap slaan!

- 5 Hoe moeg is al my lede, / daar ek in bangighede / van geen verposing weet.
Die ganse nag deurweek ek / my bed met trane, smee ek / om redding uit my leed.

Gebed

Psalm 36:1 (p. 178)

- 1 Die boosheid van die bose man – / my diepste hart getuig daarvan: / “Gods vrees is uit sy oë.”
Hy vlei homself, in kwaad verstyf, / dat God sy snode wanbedryf / vir altyd sal gedoë.
Bedrog en onreg is sy woord. / Hy gaan in sy onwysheid voort / en vrees geen bose handel.
Hy maak by nag sy planne reg, / en kom dan op die sondaarsweg / om in sy kwaad te wandel.

Skriflesing: Psalm 36:1-13

Kernverse: Psalm 36:8

Hoe kosbaar is u goedertierenheid, o God! Daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van u vleuels. (Psalm 36:8 AFR53)

Tema: Die goddelose kan dring en dryf, maar gelowiges het 'n staanplek voor ons God

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die misdaadstatistiek in ons land is ontstellend, veral die hoë syfers van moorde, verkragtings, rooftogte en aanrandings. Daarby is die regering se hantering van hierdie syfers en hulle kommentaar daarop net so ontstellend. Aan die een kant beweert die regering dat die misdaad nie buite beheer is nie. Aan die

ander kant lyk dit asof die owerheid sy verantwoordelikheid suutjies op die burgers van die land afskuif. Ja, dat elkeen van ons 'n verantwoordelikheid het om misdaad te bekamp is waar, maar dan behoort dit te wees in samewerking met 'n gedissiplineerde en effektiewe polisiemag.

Vir die wetsgehoorsame burgers wat al deurgeloop het onder die een of ander vorm van misdaad voel dit of hulle van alle kant af bedreig word. Die misdadigers is oorweldigend en hulle wreedheid neem by die dag toe. Vir baie van ons wat al deurgeloop het onder misdaad of naby familie of vriende het wat deurgeloop het, lyk dit asof 'n mens ook van die owerheid se kant af bedreig word. Dit lyk soms asof die owerheid die misdadigers se menseregte meer laat tel as hulle verantwoordelikheid. En die burgers wat hulle hou aan die wet maar deurgeloop het onder misdaad kry die gevoel dat hulle as die skuldiges behandel word.

Met hierdie agtergrond en omstandighede wat tans in ons land heers, is dit menslik om te sê dat die goddeloses 'n mens verdring. Die oorhand wat die goddeloses op baie plekke kry, laat 'n mens voel dat hulle jou uit hierdie wêreld wil verdryf. Jy word so te sê van jou staanplek hier op aarde ontnem.

Dawid het 'n soortgelyke belewenis gehad en het daarvan in hierdie psalm van ons geskryf. Die boek van die Psalms begin met die beskrywing van die kontras tussen die regverdiges en die goddeloses. Die regverdiges is die mense wat nie uit eie krag nie maar deur die krag van die Heilige Gees hulle aan God en sy wil onderwerp. In Psalm 1 word egter net die einde van die goddelose se manier van lewe vir ons beskryf. Hulle manier van lewe lei tot ondergang. In Psalm 36 word die goddelose se manier van lewe vir ons beskryf.

Broers, susters en kinders, die goddelose se manier van lewe begin by die opstand teen God in sy eie hart. Hulle sê dit nie altyd hardop nie, maar in hulle hart leef hierdie woorde: Ek het geen vrees vir God nie. Hierdie vrees is nie dieselfde as wat die Here op ander plekke in die Bybel vir ons sê dat ons die Here moet vrees nie. As die Here in Spreuke 1 sê:

Die vrees van die HERE is die beginsel van kennis, bedoel Hy met vrees dat die mens eerbied en respek vir die Here moet hê. Ware wysheid begin dus daar waar 'n mens besef wie die Here regtig is en omdat Hy God almagtig is, het jy eerbied en respek vir Hom.

As die goddelose sê dat hy geen vrees vir God het nie, bedoel hy met vrees dat hy nie bang is vir God nie. Hy dink nie daaraan dat God hom tot verantwoording sal roep oor sy misdade nie. Omdat die goddelose nie bang is dat die Here hom gaan straf nie, gaan hy rustig met sy kwaadwillige gedagtes, planne en dade voort.

In sy eie oë is net die goddelose reg en goed. Teenoor ander mense doen hy net kwaad en hy haat hulle. As hy praat, is dit kwaadwillig en vals. Van verstandig wees, waarheid praat en goed doen, wil die goddelose niks weet nie. Selfs as hy in die nag op sy bed gaan lê, dink hy nuwe kwaad uit vir die volgende dag. Met hierdie verkeerde manier van lewe hou hy aan en bly hy op die pad wat nie reg is nie. En wat sleg is verwerp hy nie.

Die goddelose bly op hierdie pad net omdat hy homself wysmaak dat die Here nie raaksien wat hy doen nie en omdat hy dink die Here sal hom ook nie kan straf oor sy goddelose manier van lewe nie. Geliefdes, dit is hierdie selfvoldane lewenstyl van die goddelose wat die lewe vir die wetsgehoorsame burgers ondraaglik maak. Dit is hierdie goddelose manier van lewe van die booswigte wat maak dat 'n mens voel jy word van jou

staanplek op aarde ontnem. En vir die kinders van die Here is hierdie gevoel nog erger, want die Here het immers die aarde aan sy mense gegee om te bewerk en op te pas.

Tog kan ons onself nie honderd persent aan die kant van die regverdiges skaar en sê dat ons nooit so 'n goddelose manier van lewe lei nie. Niemand van ons is immers volmaak nie. Diep in ons hart is daar ook nog 'n sondige geaardheid – 'n geaardheid wat sê dat ons ook soms nie bang is vir die Here se oordele nie, omdat ons dink die Here sien nie raak wat ons verkeerd doen nie. En hierdie nie bang wees vir die Here se oordeel nie, maak dat ons soms dink ons alleen is reg en goed. Wanneer ons so uit eie krag en met selfvoldaanheid leef, doen ons wat verkeerd is, en as ons gaan lê, neig ons gedagtes in die verkeerde rigting. Dan maak ek en jy die lewe vir ander mense, en die meeste van die tyd vir die mense die naaste aan ons, ondraaglik.

Met ons sondige manier van praat en doen, laat ons ander kinders van God voel dat hulle staanplek in hierdie wêreld van God hulle ontnem is. Ons wat ouers is, kan so maklik ons kinders so laat voel wanneer ons heelyd net fout vind met wat ons kinders doen. Hulle kan naderhand voel dat hulle nie meer 'n plek in hulle eie huis het nie. Kinders laat hulle ouers maklik so verdring en verdryf voel wanneer hulle doodeenvoudig nie na hulle ouers se goeie raad en opvoeding wil luister nie. Selfs man en vrou kan mekaar soos vreemdelinge in hulle eie huise laat voel wanneer ons onself laat lei en dryf deur ons eie sondige geaardheid wat nie regtig verskil van dié van die goddelose van wie die Here hier praat nie.

Die Heilige Gees maak egter nou ons almal se oë oop om die grootheid van God en sy werk in die wêreld van Hom raak te sien. Vir ons wat nou voel asof ons ons staanplek op hierdie aarde ontnem is deur die goddelose manier van lewe van ander mense, en vir ons wat deur ons sondige optrede ander mense laat voel soos vreemdelinge in God se skepping, wys die Heilige Gees die liefde, trou en reg van God. Die Here se liefde reik tot in die hemel. Sy trou reik tot in die wolke. Die Here se geregtigheid, sy sin vir regverdigheid reik tot op die hoogste berge, en die reg wat God spreek reik tot in die dieptes van die see. As die Here een maal gesê het dat Hy die sonde haat en die reg liefhet, bly dit vir ewig so.

Vir ons wat voel asof die onreg en boosheid van die goddelose so oorweldigend in hierdie wêreld is dat ons amper nie eers meer 'n staanplek het nie, maak die Heilige Gees ons oë oop. Die Here se liefde, trou en reg is nie beperk tot seker dele van ons lewe of tot sekere plekke op aarde nie. God se liefde, trou en reg geld nie net in die Bybel of in die kerk of op 'n Sondag nie. Sy liefde, trou en reg omvat die ganse aarde. Van die hemel af tot in die dieptes van die see reik God en sy werk.

En vir my en vir jou wat gemaak het dat ander mense rondom ons voel asof hulle deur ons optrede en woorde nie meer 'n staanplek op aarde het, wys die Heilige Gees ook die reikwydte van ons God en sy werk. Nooit kan of mag ons dink dat die Here nie ons verkeerde optrede en woorde raaksien nie. Ons God is oral teenwoordig. Sy arm strek tot in die hemel en van daar tot in die dieptes van die see. Geen plek op aarde kan ontkom aan die liefde, trou en reg wat die Here aan sy kinders skenk nie.

Dit is immers deur sy geregtigheid – sy sin vir regverdigheid – dat die Here sy kinders beskerm teen die bose optrede van ander mense en hulle ook daaruit red. Omdat die Here die sonde tot die uiterste toe haat en nie ongestraf kan laat bly nie, want Hy is regverdig en spreek net reg, het Hy sy Seun mens laat word in hierdie wêreld wat oorweldig is met die goddeloosheid. Met valse aanklagte van die skrifgeleerdes en Fariseërs is Jesus

Christus tot die dood veroordeel. Met verloëning van die Here het selfs Petrus hom van die Here Jesus losgemaak. Dit is hierdie valse aanklagte en verloëning van mense wat Jesus se staanplek in hierdie wêreld van Hom af weggeneem het. Dit is my en jou goddelose manier van lewe wat Jesus op Homself geneem het, wat gemaak het dat Hy ook vir 'n tyd lank nie 'n staanplek voor sy Vader gehad het nie. Mense en God het Jesus verlaat sodat Hy aan 'n kruis tussen hemel en aarde gehang het.

Broers, susters en kinders, Jesus Christus het self sy staanplek op aarde en voor God gewillig van Hom af laat wegneem om vir jou en my 'n staanplek voor God te berei. Daarom roep ons saam met Dawid in hierdie Psalm uit:

Hoe kosbaar is u goedertierenheid, o God! (Psalm 36:8a AFR53)

Die Here ons God en Jesus Christus was nie 'n staanplek aan ons verskuldig nie. Deur ons eie ongehoorsaamheid het ons van ons staanplek voor God af weggegaan. Maar omdat God se liefde en trou die ganse skepping omvat en omdat Hy nie sonder onderdane wil wees nie, het Hy deur Jesus Christus vir jou en my 'n staanplek in sy teenwoordigheid gemaak. Daarom skuil die mense van God onder die skaduwee van sy vleuels. Soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerk bymekaarmaak, so bring die Heilige Gees met die Woord van God ons onder die skaduwee van God se vleuels waar Jesus Christus vir jou en my 'n staanplek gereedgemaak het.

Dadelik wil ons nou vra: Waar is hierdie staanplek, waar is die skaduwee van God se vleuels waar ons veilig kan skuil? Geliefdes, die Heilige Gees gee sommer dadelik die antwoord, want dit is ook die plek waarheen Hy ons lei. In die huis van die Here is die skaduwee van God se vleuels. Laat ons die huis van die Here tog nooit verwar met 'n gebou – 'n kerkgebou – nie. Nee, die huis van die Here is lewendig; dit is julle en ek wat deur die Gees lewe uit die opstandingskrag van Christus en gelei word om rondom sy Woord in die teenwoordigheid van die Here te wees. Waar die Here se Woord geopen en gelees en suiwer verkondig word, daar sprei God sy vleuels uit sodat sy kinders in die skaduwee kan kom skuil. Tussen die mense wat deur die bloed van Jesus Christus aan God behoort, is die staanplek wat Jesus vir jou en my gereedgemaak het voor die aangesig van God. En hierdie staanplek kan nooit van ons af weggeneem word nie, want Jesus Christus het die staanplek met sy kosbare lewe vir ons verseker.

En hoor nou met watter oorfloed die Here ons op hierdie staanplek seën. In die huis van die Here, in sy teenwoordigheid, word ons oorstroom met 'n oorfloed van sy liefde en genade. Hy laat ons drink uit die strome van sy goedheid. Ons mag vergifnis kry by Hom. Ons kry vreugde en blydschap omdat ons naby Hom mag wees. Hy seën ons met krag en gesondheid sodat ons kan werk en eet. En hierdie strome van die Here waaruit Hy ons laat drink, is onuitputlik, want die Here self is die fontein waaruit hierdie strome vloei.

Broers, susters en kinders, die vreugde en blydschap wat ons ervaar omdat ons op hierdie staanplek in die teenwoordigheid van God kan wees, sal daagliks vir jou en my net meer word. Wanneer ons deur die krag van die Heilige Gees ons eie sondige geaardheid dag na dag platslaan en laat platslaan met die Woord van die Here, sal die vrede en veiligheid in God se teenwoordigheid hoe langer hoe meer vir ons werklik word. God beskerm ons wat by Hom skuil, en Hy straf die goddelose en selfvoldane mense.

Deur in die teenwoordigheid van die Here te wees en te bly laat die Here ons lewe beheers word deur vertroue, sekerheid en blydschap. Dit maak dat die stryd wat ons teen die goddelose en selfvoldane mense het na die agtergrond van ons gemoed verskuif. En die Heilige Gees maak my en jou lewe 'n getuigenis teenoor die goddelose mense om hulle

tot God te bekeer sodat hulle ook in die vreugde kan deel van 'n staanplek voor God te mag hê. In ons stryd teen die goddelose mense word ons selfs deur die Heilige Gees gelei en geleer om in liefde teenoor hulle te leef en op te tree. Wie weet, miskien is daar onder dié mense, wat tans 'n goddelose manier van lewe lei en my en jou van ons staanplek op aarde wil verdring, iemand wat deur God uitverkies is. Jou en my stryd met liefde teenoor daardie sondaar kan deur God gebruik word om hom of haar tot oorgawe te bring en te laat buig voor sy hemelse troon. Dink net hoe groot gaan die blydskap dan wees – nie net op aarde nie maar ook in die hemel.

Geliefde gemeente van Christus, tans beleef ek en jy nog van vele kante af die aanslag van misdadige en goddelose mense. Dit laat ons inderdaad voel asof ons heeltemal van ons staanplek hier op aarde ontnem word. Maar vanoggend verseker die Here ons dat Jesus Christus vir ons 'n staanplek in die skaduwee van God se vleuels berei het. Dit is 'n staanplek wat nooit van ons af weggenem kan word nie. En, ja, daar kom 'n dag dat ons Here Jesus sal terugkom na hierdie aarde toe. Dan sal Hy elke goddelose en misdadiger wat hulle nie wou bekeer nie, oordeel en vir altyd wegvee van die aarde af. Dan sal hulle wat in die skaduwee van God se vleuels geskuil en uit die krag van die Here Jesus in liefde teenoor alle mense geleef het die nuwe aarde beërwe om vir ewig saam met Christus daarop te heers.

Amen!

Slotgebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
17 Julie 2016